**4.7**
**PRIVAAT TELEFOONOPROEPE EN INTERNETGEBRUIK**

**Beleidnommer: 023A/06/04**

**Bestek: Die beleid verskaf die finansiële reëls en regulasies soos van toepassing op die bekostiging van privaat telefoonoproepe en internet gebruik.**

**ALGEMEEN**

Die Universiteit aanvaar die realiteit dat dit soms noodsaaklik is om in gewone loop van 'n besigheids/werksdag enkele privaat oproepe te maak en om selfs die internet vir privaat doeleindes te gebruik. Die US misken nie hierdie realiteit en praktyk nie maar kan ongelukkig nie die kostes hiervan subsidieer nie en moet die kostes verhaal van die betrokke personeellid. Die volgende prosedures geld vir die verhaling van hierdie kostes.

**PRIVAAT TELEFOONOPROEPE**

**Begrotingsfondse**
Die departement se kostepunt (rekeningnommer 1135) word maandeliks deur die Afdeling Informasietegnologie met die amptelike en privaat oproepkoste gedebiteer.

.

Privaatoproepkostes moet deur die Departementshoof/dissipline hoof/uitvoerende hoof/afdelingshoof vanaf die betrokke personeellede verhaal en inbetaal word op die Balanskostepunt by die Kassiere (byvoorbeeld Kostepunt xxxxB Rekeningnommer 5597)

**Nie-Begrotingsfondse**
Die navorser se kostepunt (rekeningnommer 1135) word maandeliks deur die Afdeling Informasietegnologie met die amptelike en privaat oproepkoste gedebiteer.

Privaatoproepkostes moet deur die navorser verhaal en inbetaal word op die betrokke kostepunt by die Kassiere (byvoorbeeld Kostepunt xxxx Rekeningnommer 5597)

**PRIVAAT INTERNETGEBRUIK**

**Begrotingsfondse**
Die departement se kostepunt (rekeningnommer 2076) word maandeliks deur die Afdeling Informasietegnologie met die amptelike en privaat internetgebruik gedebiteer.

Privaat internetgebruik moet deur die Departementshoof/dissipline hoof/uitvoerende hoof/Afdelingshoof vanaf die betrokke personeellede verhaal en inbetaal word op die Balanskostepunt by die Kassiere (byvoorbeeld Kostepunt xxxxB Rekeningnommer 5597)

**Nie-begrotingsfondse**
Die navorser se kostepunt (rekeningnommer 2076) word maandeliks deur die Afdeling Informasietegnologie met die amptelike en privaat internetgebruik gedebiteer.

Privaat internetgebruik moet deur die navorser verhaal en inbetaal word op die betrokke kostepunt by die Kassiere (byvoorbeeld Kostepunt xxxx Rekeningnommer 5597)

**Kontak afdeling:**
Informasietegnologie